**Skriflesing: Johannes 21 vers 1 tot 19**
**Tema: Jesus nooi ons vir 'n braai**

Paasnaweek is verby. Vir baie van ons was dit die hoogtepunt van ons geestelike jaar. Ons het by die leë kruis en graf stilgestaan. Vir van ons was dit ook 'n familienaweek. Ons het weggaan of sommer net rustig by die huis gewees vir Paasnaweek.

Nou is paasnaweek verby en ons is weer terug in die werklikheid van ons alledaagse bestaan. Daar het in die afgelope week 'n klomp goeie goed in die land gebeur. Groot dele van die land het natgereën.

Daar daar het ook slegte goed gebeur. Mense is dood in motorongelukke en vloede en in plaasaanvalle. Oor paasnaweek is Sri Lanka geskud deur bomaanvalle en 'n groot klomp mense is oorlede.

Noudat alles terug is na die normale of dalk die abnormale sleurgang, kan dit gebeur dat die Here vir jou ver voel. Jy sien uit na die volgende groot ding, 'n groot geestelike byeenkoms of Pinkstertyd wanneer jy Hom weer kan beleef. Ons soek die Here in groot goed en natuurlik is Hy daar te vind. Maar Hy is nie net in die groot goed nie. Hy is ook by ons as ons visvang. Ons lees hiervan in Johannes 21.

Wat sou jy gedoen het as jy 'n dissipel was na Jesus se opstanding? Hy het aan jou verskyn en vir jou gegroet met 'n vredesgroet. Jy het Sy hande en Sy sy gesien. Jy weet Hy het opgestaan. Hy het jou met Sy Heilige Gees gevul en vir jou uitgestuur. Toe die dissipels die twyfelende Thomas raakloop kan hulle hul opgewondenheid nie beteuel nie en hulle getuig: "Ons het die Here gesien!"

Wat sou jy gedoen het as jy 'n dissipel was? Petrus besluit om te gaan visvang. 'n Paar van die dissipels was vissermanne. Dit is wat hulle vir 'n lewe gedoen het. Dit is wat hulle die beste weet om te doen. Sewe van hulle gaan vang vis. Die hele nag vang hulle niks. Teen ligdag is hulle visloos en moedeloos.

En wat doen Jesus na Sy opstanding? Hy gaan soek Sy dissipels, wat Hom in die steek gelaat he, en Hy nooi hulle vir 'n braai. Hy kom aangestap op die strand. Dit is die derde keer dat Hy aan Sy dissipels verskyn en steeds herken hulle Hom nie. Op sy opdrag gooi hulle hul net aan die regterkant en vang 153 visse. Hierdeur word bevestig dat die Here in beheer is. Die grootheid van Sy mag strek ook oor die visse in die see.

Nou herken Johannes Hom en sê vir Petrus: " Dit is die Here!" Petrus klee hom ordentlik en swem na Jesus toe.

Jesus het klaar visgevang. Toe hulle op die land kom , brand die vuur al en is daar 'n stuk vis daarop. Jesus deel vis en brood aan sy dissipels uit. Die dissipels eet skaam bang. Behalwe vir Johannes, het hulle Hom almal in die steek gelaat. Maar hulle weet dat Hy die Here is en dat Hy leef.

Ons soek die Here in baie groot goed en op spesiale plekke. Ons sê so maklik dat ons die die Here in die erediens ontmoet of nie ontmoet nie.
Maar die Here is nie meer hier in die kerkgebou teenwoordig as wanneer ons gaan visvang nie. Hy verskyn in die klipkou sessies van die alledaagse lewe. Hy bedien ons.

Hy nooi ons om asem te skep. Hy braai saam met ons en voed ons. Die Here hou van kuier om kos. Ons het verlede jaar se 3de kwartaal saam met Hom gekuier om die tafel.

Jesus eet ook nie saam met Sy dissipels en dan gebeur daar die volgende groot ding na ete nie. Hulle  eet nie eers klaar en daarna raak dinge geestelik nie. Eet is geestelik. Sy geestelike gesprek met Petrus vind om die etenstafel plaas.

In Matteus 16 vers 18 sê Jesus dat Hy op Petrus, as rots, Sy kerk sal bou. Petrus is tot hier by die visbraai egter soms meer 'n struikelaar as 'n steunpilaar.

Drie maal het hy die Here verloën. Nou is hulle saam om 'n vuurtjie. Daar is net nog een plek in die Nuwe Testament waar ons van so 'n vuurtjie lees en dit is in die binnehof van die  hoëpriester se woning waar Petrus vir Jesus verloën het.

Jesus gebruik die geboortenaam wat Petrus gehad het voor hy 'n dissipel geword het. Die vraag wat Jesus vra, is belangrik, ook vir ons. Hy vra nie 'n klomp kennis vrae nie. Hy vra nie oor Petrus se verlede nie. Hy veroordeel hom ook nie. Hy vra of Petrus Hom liefhet. Dit is wat vir Jesus die belangrikste is. Het jy Hom lief?
Jesus gebruik die eerste 2 keer as Hy vir Petrus vra oor sy liefde 'n sterker vorm van die woord liefde as wat Petrus gebruik. Hy praat van 'n ten spyte van of 'n bewustelike standhoudende liefde. Petrus antwoord dat Hy Jesus liefhet met 'n vriendskapliefde of met toegeneendheid. Petrus se liefde het nie verander nie. Hy het verander. Petrus het nie die Here minder lief nie. Hy het nederigheid leer ken. Hy bevestig 3 maal  sy liefde.

Jesus het Petrus, nadat Hy Hom 3 maal verloën het, 3 maal herstel. Jesus bevestig hom as leier van Sy kerk. Sy eerste woorde aan Simon Petrus by die visnette was: "Kom hier! Kom saam met My, en Ek sal julle vissers van mense maak."(Markus 1 vers 17) en Sy laaste woorde aan hom persoonlik lees ons hier: "Volg My!"

Jesus sê ook vir Petrus dat hy 'n marteldood sal sterf. Hy is vervolg, het gevangenisskap beleef en is volgens oorlewering onderstebo gekruisig  omdat hy hom nie waardig geag het om soos Jesus te sterf nie.  Deur al hierdie swaarkry sou hy nooit weer ontken dat Hy aan Jesus behoort nie.

Ons kan die teenwoordigheid van die Here baie beperk. Ons deel ons lewens in vakkies in. Ons leef asof die Here in sommige dele van ons lewe is en in ander dele van ons lewens nie is nie. Maar die Here is by ons in die erediens en wanneer ons visvang en wanneer ons braai. Sy kruisgroot liefde verander ons sodat ook ons nie anders kan en wil as om in liefde Hom altyd, oral en in alles te volg nie.
**Amen**